# die wapad

DEEL XVI — DINSDAG, 8 SEPTEMBER 1959 — Nr. 13

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.


## RASSE-AANGELEENTHEDE

**Min studente kan dit bekostig om werklik 'n diepgaande studie van die rassevraagstuk in ons land te maak. In teenstelling met ander vakwetenskaplike rigtings is daar nie beurse beskikbaar vir studente wat uiteindelik leiding op hierdie gebied moet gee nie, want 'n gewone B.A.-graad is nie hiervoor voldoende nie.**

„Dit is die taak van die Departement van Rasse-aangeleenthede van die A.S.B. om 'n studiefonds in die lewe te roep ten einde in hierdie ernstige leemte en dringende behoefte van ons land te voorsien.

„Geen duidelikheid is nog verkry oor hoe die studiefonds in die lewe geroep sal word of waardeur dit in stand gehou sal word nie," blyk uit 'n skrywe van die direkteur van rasse-aangeleenthede van die A.S.B., mnr. Daan van der Merwe.

Mnr. Van der Merwe verklaar dat fondse op drieërlei wyse voorsien kan word:

1. Fondse deur privaat persone of instansies geskenk.

2. Fondse deur die regering (departemente van Bantoe-administrasie en -onderwys) beskikbaar gestel.

3. Studiefondse deur die A.S.B. self in die lewe geroep.

Daar is reeds begin met 'n ondersoek na die hele aangeleentheid, en besonderhede sal hopelik binnekort verstrek word.

# Hoogtepunte Van Die Jaar Se Sport

DIE AFGELOPE JAAR WAS EEN VAN DIE MEES GESLAAGDE EN SUKSESVOLLE SPORTJARE IN DIE GESKIEDENS VAN DIE P.U. VIR C.H.O. EEN EN DERTIG PUKKE HET WES-TRANSVAAL VANJAAR IN AGT VERSKILLENDE SPORTSOORTE VERTEENWOORDIG EN HULLE DEURGAANS GOED VAN HULLE TAAK GEKWYT.

„OM DUS TE BEWEER DAT DIE P.U. DIE KERN VAN WES-TRANSVAAL SE SPORT VORM, IS GEENSINS VERGESOG NIE," VERKLAAR MNR. EDDIE DE JAGER, VOORSITTER VAN DIE SENTRALE SPORTBESTUUR IN SY JAARVERSLAG WAT PAS AAN DIE S.R. VOORGELÊ IS.

Op tussen-universitêre gebied het die P.U. vanjaar opgetree as gashere vir intervarsitie, die S.A.U.-atletiekkampioenskappe en die S.A.U.-tennistoernooi. Die hokkiespanne het in Bloemfontein en die bofbalspan in Durban met die ander universiteite gaan kragte meet.

### VOETBAL . . .

Met elf wedstryde agter die rug, loop Frans de Bruyn se manne nog steeds voor in die Neserbekerliga. Die Puk moet nog net twee wedstryde wen om die tuiste van die beker te verseker.

**Die span spog ook met oorwinnings oor die universiteite van Natal en Wits.**

Die onder-negentien-span onder aanvoering van Sakkie Lessing is ook op pad om die beker binnekort in die kafeteria te laat pryk.

Kenmerkend van die Puk se voetbal vanjaar is die afgerondheid van hul spel en die besondere wyse van hul samespel. Die Pukspan wat verskeie veranderings ondergaan het sedert hy vir die eerste keer bekendgemaak is, het hom deurgaans goed van sy taak gekwyt, en oop, aantreklike en skoon rugby probeer speel.

Die sportseisoen wat byna verstreke is, het andermaal bewys dat die Puk se sportmanne en -vroue sportmanne en -vroue in die ware sin van die woord is. Op en van die veld af het die Pukke die naam van hul universiteit hoog geag en waardig opgetree as studente van die P.U. vir C.H.O.

—D.H.

## *Ons kyk terug . .*

### INTERVARSITIE 1959 . . .

Die negentiende intervarsitiebotsing tussen die Universiteite van Bloemfontein en Potchefstroom is op oortuigende wyse deur die Vrystaters gewen met 24 punte teenoor 6.

Dit was tipiese studenterugby met studentegees: die bal is lustig heen en weer gegooi en voor- en agterspelers het pragtig hanteer. Die Puk wat bekend is vir hul skitterende samespel is in hierdie afdeling skoon deur die besoekers oorskadu.

Bloemfontein het dit weer gedoen en hulle het dit verdien . . .

Die Puk se tweede-span het egter 'n oortuigende oorwinning van 16—3 behaal terwyl die derdespan ook geseëvier het met 9—8. Die onder-negentien-span moes die knie buig met 6—3.

Die manshokkiespan het 2—1 geseëvier en die damespan 6—2. Die korfbalspan het 46—13 gewen terwyl die besoekers die tennis- en tafeltenniskragmetings met 24 stelle teenoor 18 en 32 spelle teenoor 16 ingepalm het.

### DALRYMPLE . . .

Een Suid-Afrikaanse en sewe universitêre rekords is tydens die vyf-en-dertigste jaarlikse Dalrymplebyeenkoms op Potchefstroom opgestel.

## *Hoogtepunt*

Die hoogtepunt van die byeenkoms was ongetwyfeld Springbok Hannes Botha van Pretoria se S.A. rekord in die gewigstoot toe hy 54 voet 2 duim behaal het om daarmee die eerste Suid-Afrikaner te word om die gewig verder as vier en vyftig voet te stoot.

Onder die Puk se uitblinkers het Alta de Kock 'n tweedeplek in die skyfwerp verower met 'n praggooi van 126 voet 3 duim, Rina Bierman 'n derdeplek in die verspring, Christo Thuynsma twee tweedeplekke in die uitdunne vir die 100- en 220-tree en J. van Niekerk 'n derdeplek in die paalspring.

Die mans het die sesdeplek in die byeenkoms behaal en die dames die vyfdeplek.

### TENNIS . . .

Die Puk het vanjaar beter as ooit gevaar op die tennistoernooi van die Suid-Afrikaanse Universiteite gedurende Juliemaand. Veral die mans het besonder presteer en die nederlaag wat U.O.V.S. hulle tydens intervarsitie toegedien het, gewreek. Hulle was baie ongelukkig om teen Pretoria en Stellenbosch te verloor.

Die Pukke het sewe punte meer as verlede jaar ingesamel en het tweedelaaste geëindig.

**Andrew Makkink wat die S.A.U.-span gehaal het, is die eerste Puk vir wie hierdie eer te beurt val.**

### HOKKIE . . .

Die twee hokkie-eerstespanne het tydens die interuniversitêre hokkietoernooi in Bloemfontein nie aan die hoë verwagtings voldoen nie en albei moes met die tweedelaaste plekke tevrede wees. Die mans het daarin geslaag om U.O.V.S. te klop, maar het gelykop gespeel teen Stellenbosch. Die dames het U.O.V.S. 5—0 verslaan.

**Albertha Howell is gekies vir die Proteaspan—die eerste Pukdame om dié eer te behaal.**

### BOFBAL . . .

Ten spyte van ongunstige omstandighede ret die bofbalkonings van die Puk hulle in Durban besonder goed van hul taak gekwyt. Hulle het vir die verrassing van die toernooi gesorg toe hulle gelykop gespeel het teen die gedugte span van Kaapstad.

**Rassie van der Westhuizen en Gustav du Toit is gekies om vir die B-span van die universiteite te speel.**

# FEDERASIE VERWERP
## DALK KONFEDERASIE

DIE BESLUIT VAN DIE STUDENTERADE VAN DIE DRIE NOORDELIKE AFRIKAANSE UNIVERSITEITE—POTCHEFSTROOM, PRETORIA EN BLOEMFONTEIN—OM DIE STUDENTEFEDERASIEPLAN VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH TE VERWERP, IS NIE DEUR ADV. E. H. LOUW, MINISTER VAN BUITELANDSE SAKE, SE ONLANGSE UITLATINGS OOR NUSAS GEINSPIREER NIE, HET MNR. H. J. D. VAN DER WALT, VOORSITTER VAN DIE P.U.-STUDENTERAAD, VERLEDE WEEK IN 'N VERKLARING GESÊ.

Die studenteraad van die P.U. het uit die staanspoor geen simpatie met die Stellenbosse voorstel dat 'n federasie van alle Suid-Afrikaanse studente gestig word, gehad nie.

Die P.U. het die voorstel reeds tydens die A.S.B.-kongres in April verwerp, weer op 'n studenteraadsvergadering in Junie en op 1 Augustus te Pretoria.

### GEEN GRONDLSAG

Mnr. Van der Walt het die besware van die Potchefstroomse studente teen die Stellenbosse federasieplan gestel:



**Mnr. Hennie van der Walt, voorsitter van die Studenteraad.**

**„Hierdie studenteraad kan met die voorgestelde federasie of organisasie geen simpatie hê nie omdat daar vir die P.U. in so 'n federasie geen plek sal wees nie. Sonder 'n definitiewe grondslag het geen organisasie aan die P.U. bestaansreg nie.**

„Dit is vir ons duidelik dat gekies sal moet word tussen die Afrikaanse Studentebond en die deur Stellenbosch voorgestelde Suid-Afrikaanse Nasionale Studente-organisasie. Naas mekaar sal die twee volgens die voorgestelde grondwet nie kan bestaan nie.

„Vir ons is dit duidelik dat SANSO hom nooit oor beginsel- en beleidsake sal kan uitspreek nie, omdat hy in sy wese sal bestaan uit mense wat botsende beginsels sal nastreef.

**„Eintlik dra die hele voorstel na ons mening 'n liberalistiese kleur omdat die verskillende volksgroepe hulle eie identiteit in die organisasie sal moet prysgee en die posisie van die nie-blanke studente in die voorgestelde federasie nie duidelik en onomwonde gereël kan word nie."**

Mnr. Van der Walt het verklaar dat die studente van die drie noordelike Afrikaanse universiteite nogtans nie koud staan teenoor die beginsel van samewerking tot op 'n sekere hoogte met andersdenkendes nie.

### OOGMERK

„Die grondslag van hierdie samewerking moet egter op die beleid van afsonderlike ontwikkeling van blank en nie-blank berus."

Die studenteraad van die P.U. beywer hom vir die totstandkoming van 'n Afrikaanse, Engelse en Bantoestudentebond, elk met sy eie kultuurgrondslag, maar gekoppel deur 'n begrip van samewerking wat die vorm van 'n konfederasie tussen die drie verskillende studentebonde sou aanneem.

## Prof. ZUIDEMA

**Prof. S. U. Zuidema van die Vrije Universiteit, Amsterdam, tree op Woensdagaand 10 deser voor die wysgerige vereniging op met 'n lesing oor Eksistensialisme.**

**Alle studente en lede van die publiek is welkom.**

## PUKKE WEN NESER

Toe die Puk Saterdag 'n oortuigende oorwinning van 16—9 oor Goldfields-wes behaal het, het hulle daarmee die Neserbeker verower.

Aangesien P.O.K. wat tweede op die puntelys was, op verrassende wyse deur Western Reefs geklop is, kan die Puk nie meer ingehaal word nie.

Die Pukke was vasberade om Saterdag te wen en al was hul spel nooit werklik aanskoulik nie, het hul die sege verdien.

Puk se punte is aangeteken deur Jan van der Schyff (drie), Frans de Bruyn (drie), Bok Fourie (drie), Rassie van der Westhuizen (strafen vervyfskop), en Lionell Phillips (vervyfskop).



Ons maak 'n klankie vir

**Kollege Kontantwinkel**

SOMMER HIER BY U!
Tel. 2912.





KWALITEIT?

INDERDAAD, MY VRIEND!
by
G. & H. JUWELIERS
129 Kerkstraat. Tel. 1031





**Claustrophobia?**

★

IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „STUDIE"?

MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK —
KOM NA

**PRO REGE PERS**

DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL
Kerkstraat 95 — Tel. 1164

BOEKHANDEL — ANTIKWARIAAT





U Fotograaf vir Kuns en Kwaliteit

***ALF'S STUDIOS***

KERKSTRAAT 133 TELEFOON 2432



NIE OP SEE NIE, MAAR OP LAND IS

**Mooirivier Motors**

DIE HAWE VIR ELKE MOTOR!

**Met Uitstekende Diens word Alles van Alle Motors Herstel!**

- KOM BESOEK ONS EN BESIGTIG ONS BORGWARD-, HANSA- EN LLOYD-MOTORS.

Besoek ook

**MOOIRIVIER MOTORS**

LOMBARDSTRAAT 44 FOON 2895


## *Lentekyste*

Kupido en sy pyltjie het fluks gewerk tussen Thaba Jah en die manskoshuise. Twee eerstejaartjies (nogal kamermaats) is goed getref en het gekysde status verwerf: **Lucille Twyman** het vir **Piet Henning** en **Lita Schoeman** vir **Kruger van Niekerk** gevang.

Toe dit lyk of dit wil lente word, toe kys **Lydia Human** en **Prinsloo Potgieter** ook sommer. Ons hoop hulle kys deurstaan die koue wat intussen weer ingetree het!

Of dit die volmaan was, of haar gesig, weet ons nie, maar **Jack Verster** het vir **Marietjie Meyer** gevra om te kys. Sy kon natuurlik nie nee sê nie!

Een van die Puk se sportvroue se pad het intussen met 'n sportman se pad gekruis. 'n Mens kan seker **Alta de Kock** en **Frijhoff Albertyn** se verhouding 'n „sportkys" noem.

**Nic Kleynhans** vaar toe onder die pote in en kys met ene **Zoë Jordaan.**

**Marieke de Weerdt** leef (of sweef) deesdae op die vleuels van die liefde. Die oorsaak is ene witkop **Wim** (nie die skuurpoeier nie!) van Joh'burg.

**Marie van Rensburg** is (of het?) weer gevang! Alles binne twee uur! **Johan Smit** van Sasolburg is nie te stadig nie.

**Pierietjie Kruger** maak glo „geheimsinnige" foonoproepe Thaba Jah toe. Die dames sê hulle nie altyd so toe soos hy dink nie.

Intussen... is ...**Marieke van der Merwe** en **Piet Yssel** glo al lankal gekys. Die redaksie maak self nuus vir DIE WAPAD as hier niks gebeur nie!

Die eerstejaars het ook net hul dop gekruip: **Dirk van Vuuren** en **Elise Flett** is gekys.

---

**Leen jou oor aan almal, jou tong aan min.—Shakespeare.**

---

**Een moeder aan 'n ander: My seun is 'n wonderlike snydokter. Hy het al meer as honderd operasies uitgevoer en homself nog nooit raakgesny nie!**


**Die Bult Haarkappers en Juweliers**

TOMSTRAAT 86A

Die BESTE ADRES vir HERSTELWERK aan HORLOSIES





CHRONIESE LOU VERWARMERS?
Stook hom met
**OOSTHUIZEN se KOLE**
Kerkstraat 104. Tel. 312



# die wapad

## Redaksie en Administrasie

| | | |
|---|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Nesco du Toit | 2911. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR en INTERUNIVERSITÊRE AANGELEENTHEDE | Dirk Herbst | X041 |
| NUUS | Dewald Roode | 1566. |
| | en Frans van der Vyver | 1366. |
| KUNS | Enid Rautenbach | 1385. |
| VARIA | Proffie van Vuuren | X041. |
| | en Bets Coetzee | 0013. |
| SPORT | Eddie van der Westhuizen | X041. |
| SPOTPRENTTEKENAAR | Ben van der Walt | 8611. |
| FOTOGRAWE | Johan van der Merwe | 19. |
| | en Marieke van der Merwe | 281. |
| TEGNIESE ADVISEURS | Gouws Oberholzer | 2162 |
| | en Henning Botha | X042 |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Rassie Smit | X042. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Bennie Bierman | 1188. |
| PENNINGMEESTER | Jan Kense | X09. |
| TAALADVISEUR | Dr. Hertzog Venter | |

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
**VRYDAG, 21 AUGUSTUS 1959**




# REDAKSIONEEL
## VERBODE LEESSTOF

Dit was verkiesingsdag op die campus.

Vir sommige was dit 'n tyd van gaan—die einde van 'n tydperk van diens aan die studentelewe. Dankie daarvoor.

Vir andere kondig dit 'n intog in die studentelewe aan. 'n Tydperk van vorming—nie alleen **deur** u nie maar ook **aan** u, lê vir u voor die deur.

Die verkiesingstryd is agter die rug en deur hierdie stryd is resultate gelewer: aan dié van u aan wie die leiding toevertrou is—'n warm handdruk; sterkte vir die taak wat voorlê.

Want leiding veronderstel nie 'n sterk **dominerende** persoonlikheid nie, maar 'n sterk **dienende** karakter. Gee—dit is altyd die moeite werd: dit kan slegs voldoening en verryking besorg.

Die daarstelling van leiers het van die res van ons volgelinge gemaak: 'n veeleisende taak!

Want 'n studentemassa is essensieel krities ingestel—en dit bring die vereiste van 'n massa opbouend-kritiese, denkende **volgelinge:** 'n contradictio in terminis vir enige massa behalwe 'n studentemassa!

Gaudeamus igitur!

# PROF. HOPPER SAL TWEEDE BALLON OPSTUUR

## Pakkie Nie Gevind

Prof. dr. V. D. Hopper van die departement Fisika van die Universiteit van Melbourne het reeds met sy navorsing in verpand met kosmiese strale in Suid-Afrika begin. Hy word bygestaan deur sy assistente, dr. Jean Laby, asook deur prof. dr. P. H. Stoker, dr. M. A. Meyer en verskeie nagraadse studente in fisika aan die P.U.

Die eerste waterstofballon wat deur prof. Hopper opgestuur is, het 'n hoogte van 105,000 voet bereik en is deur lugstrome 112 myl ver weggevoer voordat dit vyf uur later naby Pretoria neergedaal het.

Die ballon, gevul met waterstof, is op 20 Augustus van die terrein agter die Chemie-laboratorium die lug ingestuur. In die ballon was 'n pakkie met fotografiese kern-emulsie-plate, toegedraai in plastiese glasmateriaal.

Voordat die ballon opgestuur is, moes prof. Hopper die lugstrome bestudeer om te verseker dat die ballon in die rigting van Pretoria sou beweeg, vanwaar die weerburo dit sou dophou.

### RADARSKERM

Om te verseker dat die ballon nie verlore sou gaan nie, het prof. Hopper en sy assistente twee teodoliete opgerig waarmee die posisie van die ballon bepaal kon word. Een is op die dak van die Fisika-laboratorium en 'n tweede in die veld naby Schoemansdrif opgerig. 'n Radarskerm is aan die ballon self aangebring sodat wetenskaplikes van die weerburo dit met 'n radarapparaat kon dophou.

Vanaf die vertrek van die ballon is sy posisie voortdurend met die teodoliete dopgehou, en toe dit begin daal het, is die posisie vasgestel waar dit sou land. Hierdie berekenings het weinig verskil van die gegewens wat deur die weerburo verstrek is.

### WEKKER

Die grootste hoogte wat die ballon bereik het, was 105,000 voet. Die ballon is op 'n konstante hoogte gehou deur 'n ventiel. Binne in die ballon was 'n wekker wat presies vieruur die namiddag—vyf uur na die „lansering"—gesorg het dat die pakkie met fotografiese plate van die ballon losgemaak is en met 'n klein valskermpie na die aarde neergedaal het. Op die fotografiese plate is die uitwerking van sy kosmiese strale in die boonste lugruim geregistreer. Die pakkie bevat etikette wat die vinder vra om dit aan prof. Stoker te stuur.

Tot dusver is niks van die pakkie verneem nie, hoewel dit slegs twaalf myl van Pretoria geval het.

Prof. Stoker deel mee dat prof. Hopper eersdaags 'n tweede ballon sal opstuur.

# LID VAN EKSPEDISIE KOM LESING HOU

Mnr. Hannes le Grange, wat 'n lid van Sir Vivian Fuchs se geslaagde ekspedisie na die Suidpool was, besoek die Universiteit eersdaags.

Die besoek van mnr. Le Grange word gereël deur die Natuurwetenskaplike Vereniging in samewerking met die Universiteitsowerhede.

Op Saterdagaand 26 September sal mnr. Le Grange in die Studentesaal 'n lesing hou oor die Suidpoolekspedisie wat hy meegemaak het. By dieselfde geleentheid sal hy ook kleurskyfies in dié verband vertoon.

# PUKKE ONTHAAL IN JOHANNESBURG

Ses Pukke—Dirk Herbst, Maarten van der Walt, Piet Venter, Henning Botha, Jan Combrinck en De Wet Venter—het die Puk verlede week in Johannesburg op 'n byeenkoms van die universiteite van Johannesburg, Pretoria en Potchefstroom verteenwoordig.

Die studente is spesiaal deur die Witsies uitgenooi om 'n welwillendheidsbesoek aan Johannesburg te bring met die doel om betrekkinge tussen Afrikaans- en Engelssprekende studente te bevorder.

### KUNSFEES

Die besoek van die studente het saamgeval met die kunsfees van die Universiteit van die Witwatersrand. Dit is die tweede keer dat studente van ander universiteite na die universiteit genooi is. Die Bloemfonteinse studente kon nie aanwesig wees nie.

Die hoogtepunt van die byeenkoms is Vrydag bereik tydens 'n dinee saam met die burgemeester van Johannesburg, raadslid Ian Maltz. Mnr. Maltz het by die geleentheid verklaar dat die Universiteit van die Witwatersrand die saad vir 'n baie goeie idee gesaai het en die hoop uitgespreek dat ander universiteite ook in die ritging sal dink.

Mnr. Dirk Herbst wat namens die studente dank uitgespreek het, het verklaar dat die onderlinge gees van begrip en samewerking uitstekend was en die noodsaaklikheid beklemtoon van beter wedersydse begrip van studenteverskille. „Byeenkomste van hierdie aard dra veel daartoe by," het hy gesê.

### GASVRY

Die besoekende studente is oral gasvry onthaal en geen moeite is ontsien om hulle verblyf so aangenaam moontlik te maak nie. Verskeie onthale, skemerkelkies en dinees is gereël en daar was ook baie geleentheid vir informele samesprekings, soos met die studenteraad van Wits en verskeie nie-blanke studente.

Verskeie interessante uitstappies soos besoeke aan die mediese skool, kunsgalarye en die diamantslypery is gereël. Hierbenewens was daar ook 'n tenniswedstryd vir die studente waar De Wet Venter besonder goeie tennis gelewer het.

Die besoekers het ook 'n verskeidenheidskonsert van hoogstaande gehalte, 'n eenbedryf en 'n baletuitvoering bygewoon.

### DANK

Die Pukke het die verblyf in die Goudstad baie geniet en is vol lof en waardering vir die besonder gasvrye ontvangs deur die Witsies. Daarom spreek hulle dank uit teenoor die Studenteraad van Wits en die Reëlingskomitee wat die besoek puik en bekwaam gereël het.


NOORDBRUG KONTANTWINKEL
(Eienaar: A. G. Botha)
Vir
LEKKERS, SIGARETTE
en TOILETWARE
KRUIDENIERSWARE,
SKRYFBEHOEFTES.
•
Langs Noordbrug-Poskantoor





DIENS!
OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .
Mooirivier-Apteek
205. Kerkstraat
Telefoon 380.



MOENIE.....





MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!
CORNER FRUIT STORE
„U KEN ONS!"


Ondersteun Ons Adverteerders


LE ROUX ATELJEES
Hiermee stel ons bekend dat 'n tak van ons besigheid geopen word te
KERKSTRAAT 71
vanaf 8 September 1959
Ons spesialiseer in—
PORTRETTE,
KINDERSTUDIES,
GROEPFOTO'S en
HUWELIKSFOTO'S
Takke te:
MAHERRYSTRAAT 64 — TELEFOON 862
KERKSTRRAAT 71



Uit die mond van die suigeling . . . . !





Dameth en Heerge
Die Bult Apteek
IS TOT U DIENS
Vlak onder u Neus
Tomstraat 86 Tel. 3091





Unie-Bakkerye
Posbus 244—Tel. 167 en 1086
Bakkers en Banketbakkers
BROOD, KOEK EN PASTEITJIES
KERKSTR. 60 — POTCH.
Spoorwegstr., KLERKSDORP



REBA-KAFEE
Tomstraat 88
DORS?
HONGER?
Bestorm ons om kronies versadig te raak.



Alle Gekysdes en Verloofdes!!!!





Bevorder U Sake.....
Kom na
MALAN MEUBILEERDERS
Kerkstraat 112 Telefoon 2157



„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"
BESOEK —
INGRAM SE DRANKWINKEL
Allerlei • WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK
asook • KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP
(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)
„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN"

# B SONDERE SPORTJAAR

## — De Jager —

Graag wil ek langs hierdie weg 'n woord van hartlike dank rig tot almal wat vanjaar bygedra het om so 'n besondere sukses van ons sportjaar te maak.

In die eerste plek wil ek bedank al die lede van die S.S.B. wat op so 'n bekwame wyse leiding in die verskillende sportklubs gegee het. Dit is baie maal die persoonlike leiding en inspirasie wat van die klubkapteins uitgaan wat die sukses meebring. Dit was vir my as Voorsitter van die S.S.B. nie alleen 'n plesier nie maar ook 'n voorreg om met u met saam te gewerk het.

'n Besondere woord van dank ook aan die S.R. en die owerhede van die P.U. vir C.H.O. vir die finansiële en morele steun wat ons van hulle ontvang het. Ons waardering is moeilik in woorde uit te spreek.

Aan alle personeellede wat so onbaatsugtig hulle tyd opgeoffer het om ons by te staan met afrigtingswerk ens. wil ons sê baie dankie. In besonder wil ek bedank prof. dr. D. P. J. Smith vir sy besondere bydrae van die jaar m.b.t. die atletiek, tennis, gimnastiek, ens. Ons weet dat ons in prof. Smith werklik 'n vriend van sport het. Nogmaals baie dankie.

Sekerlik mag ons nie vergeet om DIE WAPAD dankie te sê vir die wyse waarop hulle altyd die nodige publisiteit aan ons sport verleen het nie—die waarrde van publisiteit in sport besef ons maar seker almal te goed. In besonder wil ek vir Dirk Herbst sê baie dankie vir die bekwame wyse waarop hy veral die Dalrymple en die S.A.U. Tennistoernooi behartig het, nie alleen in DIE WAPAD nie maar ook in die ander dagblaaie.

Aan u, die sportmanne en sportvroue van die P.U., kom sekerlik die grootste menslike eer toe. Dit was u sport en u het daarvan 'n sukses gemaak—nie alleen bloot 'n sukses nie maar 'n sukses soos dit die gees en rigting van hierdie Universiteit vertolk. Sportmanne en sportvroue lewer seker die grootste bydra tot die uitdra van die naam en leuse van ons Universiteit. Vir u bedagsaamheid, samewerking, sportmangees, en harde oefening nie alleen my dank nie maar die dank van ons ganse Almer Mater.

Aan alle persone, liggame en instansies wat dank moet ontvang en wat hier nie individueel genoem is nie ons hoogste waardering. Laat ons u verseker dat u opoffering en moeite nie tevergeefs was nie.

In die laaste plek en ook die belangrikste ons dank aan ons Hemelse Vader in wie se groot genade dit beskik was dat ons hierdie dinge kon beleef het. Mag ons slegs as dank vir die gesonde liggame wat ons ontvang het ook in ons sport Sy naam groot maak en uitdra. Ons sport mag nooit 'n blote ontspanning wees nie, ook daarin moet ons, ons Skepper ken want:

„In U Lig sien ons die Lig".

Nogmaals baie dankie,

E. J. DE JAGER,

Voorsitter S.S.B.

# AANBEVELINGS

„Dit is noodsaaklik dat onder die aandag van die owerhede gebring sal word dat fasiliteite vir sommige sportklubs aan die P.U. nie voldoende is nie en dat onvoldoende fasiliteite kan lei tot die totale ondergang van sodanige klubs," lui een van die aanbevelings wat mnr. Eddie de Jager, voorsitter van die S.S.B., in sy jaarverslag doen.

Mnr. De Jager verklaar dat die krieketklub gaan doodloop indien hy nie binne die volgende jaar 'n baan kry nie. Die tennisklub het minstens nog twee bane nodig. Die bestaande aantal bane is onvoldoende en verkeer in 'n haglike toestand omdat hulle so baie spelers moet dra.

### SWEMKLUB

„Die swemklub verkeer reeds in sy sterwensuur as gevolg van die moeilike regulasies. Die owerhede word versoek om toe te laat dat mans en dames saam aan die amptelike oefeninge van die klub mag deelneem."

Nog 'n tafel word vir die tafeltennisklub benodig. 'n Verdere aanbeveling lui dat die Werda-jukskeilaer weer as volwaardige onderliggaam van die S.S.B. ingeskakel moet word.

### BELANGSTELLING

Om die belangstelling van die eerstejaars vir sport te verkry en te behou, moet alle sportbesture aanstaande jaar weer 'n besondere poging aanwend. Nuwe bloed is noodsaaklik vir die voortbestaan van sommige klubs, byvoorbeeld die manshokkieklub.

Deur 'n artikel in DIE WAPAD moet die belangstelling van die senior studente gaande gemaak word sodat hulle aan die eerstejaars 'n voorbeeld kan stel. „Hierdie aanbeveling word gedoen omdat dit vanjaar vrugte afgewerp het daar baie van die seniors nie ten volle van die sportbedrywighede aan die universiteit bewus was nie."

# PUK SE WES-TRANSVALERS

'n Rekordaantal—een en dertig—Pukke het Wes-Transvaal vanjaar in agt verskillende sportsoorte verteenwoordig. Agt Pukke het vir Wes-Transvaal se onder-negentien-rugbyspan en ses vir die senior-span op die veld gedraf.

Die volgende Pukke het Wes-Transvaal verteenwoordig:

### VOETBAL

Seniors: Frans de Bruyn, Piet Steinberg, Jan van der Schyff, Mic Moolman, Toy Dannhauser en De Wet Kruger.

Onder 19: Stefan Heydenrich (kapt.), Carl Grundlingh (onderkapt.), Prinsloo Potgieter, Isak Lessing, P. van der Bank, J. le Roux Marais, C. Wolhuter en F. de Beer.

### ATLETIEK

Seniors: Kotie de Jager en Christo Thuynsma.

Juniors: Alta de Kock en „Fires" van Vuuren.

### HOKKIE

Dames: Jo Schoeman en Albertha Howell.

Mans: Barry Pithey en Horst Wiesse.

### TENNIS

Seniors: Andrew Makkink.
Juniors: Fryhoff Albertyn.

### STOEI

Kobus Yssel en Peet Kruger.

### KORFBAL

Ansa Bingle en B. Combrinck.

### TAFELTENNIS

Eddie de Jager, Rossier de Ville en Elma Faure.




JANET says:
for: • SWEETS
• GRILLS
• COOLDRINKS
Take me to the —
Grand Cafe,
President Cafe,
or Van Riebeeck
Cafe.





Christo Thuynsma—nog atleet wat veel belofte vir die toekoms inhou.

# SPORT AAN DIE P.U.

## —PROF. D. P. J. SMITH

Ek voldoen graag aan die versoek van die redaksie om iets te skrywe oor die sport aan ons Universiteit. Die bedoeling is nie om 'n kritiese oorsig oor al die sportgebeure te gee nie, ook nie 'n verslag nie—dit doen die voorsitter van die Sentrale Sportbestuur in sy jaarverslag en lesers van DIE WAPAD ken die feite goed genoeg. Ek wil my kortliks bepaal by die belangrikste sportgebeure van die jaar, die fasiliteite en geleenthede vir sportbeoefening en enkele waardes daarvan vir die beoefenaar.



### SPORTBEDRYWIGHEDE GEDURENDE 1959

1959 was 'n merkwaardige sportjaar. Ons Universiteit was die gasheer van die S.A. Universiteite vir die Atletiekbyeenkoms (Dalrymple) en die Tennistoernooi—albei groot byeenkomstes wat deur ons Universiteit op so 'n wyse georganiseer was dat die besoekers met hoë lof daarvan gepraat het. 'n „Intervarsity" by ons teen die U.O.V.S. het bykans alle sportsoorte betrek hoewel die eerste span se voetbalwedstryd tradisioneel as die hoofdis beskou word en dei uitslag daarvan die „Intervarsity" beslis. 'n Relatiewe puntetoekenning vir alle wedstryde in alle sportsoorte by so 'n geleentheid sou miskien die geesdrif verhoog—indien dit moontlik of nodig is.

Verder het spanne van ons Universiteit deelgeneem aan Universitêre wedstryde elders: die mans- en dameshokkiespanne in Bloemfontein; die bofbalspan in Durban; die atletiekspan in Pretoria (Noordelike Universiteite); voetbalspanne teen die Natalse Universiteit op Welkom en teen die Witwatersrandse Universiteit in Johannesburg; die stoeispan aan die Universiteitskampioenskappe in Pretoria; en die krieketspan in Durban. Hierbenewens het byna alle klubs aan liga- en ander wedstryde binne en buite Wes-Transvaal deelgeneem.

Goeie prestasies het ook nie ontbreek nie. Dink maar, onder andere, aan die manshokkie wat met soveel vuur en durf gespeel en die meeste van hulle wedstryde gewen het; aan die voetbal wat teen sterk teenstand bo-aan die punteleer in Wes-Transvaal staan en met Wits en Natal deeglik afgereken het; aan die uitmuntende prestasies van die stoeispan; en die goeie standaard in korfbal, dameshokkie en tennis. Verskillende spelers het die provinsiale en S.A. Universiteitspanne gehaal.

### FASILITEITE

Hierdie imponerende lys sportbedrywighede dui aan dat die P.U. vir C.H.O. aan elke student die geleentheid bied vir deelname en dat die fasiliteite daarvoor beskikbaar is. Weliswaar beskik nie alle klubs oor voldoende of die doeltreffendste bane, velde en toerusting nie maar aan die welwillendheid van die Raad om dit mettertyd te verskaf, ontbreek dit seker nie. Die bestaande fasiliteite is sprekende getuienis daarvan. Die uitbreiding is egter vinnig en die besteding van geld op die verskillende terreine van die Universiteitslewe moet harmonie van die geheel in ag neem. As 'n seun uit sy klere groei, en 'n lap help ook nie meer nie, sal vader wel, volgens vermoë, ander voorsien. Dit is dan ook verblydend wanneer 'n klub sodanig vooruitgaan en soveel deelnemers trek dat sy „klere te klein word". Versoeke vir doeltreffender voorsiening in dergelike gevalle is billik en sal oorweging geniet. Die Universiteitsowerheid het in dié opsig 'n verantwoordelikheid teenoor sy studente en sal dit ook na kom.

Die student het egter ook 'n verantwoordelikheid teenoor sy Universiteit wat so saamgevat kan word: dat elke sportbeoefenaar die ontspanningsgeriewe waardig moet gebruik en diens moet lewer. Elke gesonde mens hou van een of ander sportsoort en die groot verskeidenheid wat ons hier bied, skep 'n geleentheid vir deelname deur elke student. Die koste aan sportfasiliteite is geregverdig as daarvan 'n dankbare en waardevolle gebruik gemaak word.

### WAARDE VAN SPORT

'n Waardige gebruik sluit o.a. ook in dat dit nie met „slapheid en traagheid" moet geskied nie anders kan die bedoelde waardes nie verwesenlik word nie. Ons dink maar aan waardes soos die genot van inspanning en die gesondheidswaarde daarvan, die bevrediging in goeie prestasie, die kennismaking met andere en goeie vriendskappe wat gesluit word. 'n Groot sportman leer hoflikheid teenoor en waardering van andere, gehoorsaamheid aan leiers, beskeidenheid in leierskap en hulpvaardigheid teenoor swakkeres. Hierdie waardes moet doelbewus nagestreef word en ons studente moet hierdie beskouing oor sport huldig en verder uitdra want daadeur verheerlik ons ons Skepper ook in en deur ons sport. Die goeie sportman is 'n harde speler wat getrou volgens reëls speel en veg tot die einde toe. Daartoe is fiksheid nodig—deeglike voorbereiding t.o.v. uithouvermoë en tegniese afgerondheid. In sport, soos in die lewe, is daar geen kort pad na sukses nie maar in die volharding en die oorwinning van hindernesse is aangename herinneringe.

SUKSES IN 1960!

# VOLLEDIGE VERKIESINGSUITSLAE

**Mnr. H. J. D. van der Walt** is vandag tydens die verkiesing van nuwe besture aan die P.U. vir C.H.O. vir die tweede agtereenvolgende jaar tot voorsitter van die Studenteraad verkies.

Die ander lede van die Studenteraad is:

ONDER-VOORSITTER ........ L. A. S. van Wyk
SEKRETARIS ........ F. R. P. de Bruyn
PENNINGMEESTER ........ Hans van Zyl
ONDER-SEKRETARIS ........ I. van der Walt
DAMESVERTEENWOORDIGER ........ E. Botha
A.B.K.K. ........ J. H. Boneschans
C. J. van Vuuren
A.S.B. ........ J. S. du Plooy
A. G. C. Yssel
S.S.B. ........ J. J. de Jager
R. de Ville
KORPS ........ J. J. de Wet Kruger
Mej. C. Postma

**AFRIKAANSE STUDENTEBOND**
VOORS.: L. A. S. van Wyk.
O.-VOORS.: J. S. du Plooy.
SEKR.: F. R. P. de Bruyn.
PGM.: J. M. de Wet.
ORG.: C. Venter
DAMES ADD.: I. van der Walt, A. C. H. du Plessis.
MANS ADD.: J. M. Els, A. G. C. Yssel, P. P. Kruger, P. R. P. Potgieter.

**KORPS VERITAS VINCET**
VOORS.: J. J. de Wet Kruger.
O.-VOORS.: J. A. V. van der Schyff.
SEKR.: J. H. Boneschans.
PGM.: M. J. H. du Plessis.
ORG.: J. L. Ras.
DAMES ADD.: C. Postma, R. du Plessis.
MANS ADD.: P. W. Bingle, P. A. Venter, W. J. van der Merwe, K. van Niekerk.

**SENTRALE SPORTBESTUUR**
VOORS.: J. J. de Jager.
O.-VOORS.: R. de Ville.
SEKR.: P. E. Bosman.
PGM.: Mej. N. van t'Riet.

**ALGEMENE BESTUUR VIR KUNS EN KULTUUR**
VOORS.: I. van der Walt.
O.-VOORS.: A. G. C. Yssel.
SEKR.: Mej. L. van der Vyver.
PGM.: P. A. Venter.

**ALABAMA**
VOORS.: I. van der Walt.
O.-VOORS.: F. R. P. de Bruyn.
SEKR.: I. J. Lessing.
PGM.: J. Arangies.
ADD.: Mej. M. P. A. van der Wateren, S. P. B. Hoogenboezem.

**THALIA**
VOORS.: A. G. C. Yssel.
O.-VOORS.: J. L. Ras.
SEKR.: C. Venter.
PGM.: P. A. Venter.
AAD.: C. J. van Vuuren, Mej. R. Kemp, Mej. L. van der Vyver.

**MUSIEKVERENIGING**
VOORS.: J. H. Boneschans.
O.-VOORS.: K. van Niekerk.
SEKR.: Mej. H. H. Labuschagne.
PGM.: J. Scholtemeyer.
ADD.: P. R. P. Potgieter, Mej. M. Viljoen.

**DEBATSVERENIGING**
VOORS.: J. S. du Plooy.
SEKR.: Mej. S. Viljoen.
ADD.: P. van R. Henning, Mej. A. C. E. Venter.

**VOLKSPELE**
VOORS.: J. E. van der Westhuizen.
O.-VOORS.: L. van der Walt.
SEKR.: G. du Toit.
PGM.: K. Yssel.
Add.: Mej. O. Hoffman.

**SKAAK**
VOORS.: P. A. Venter.
O.-VOORS.: J. W. Koen.
SEKR.: J. J. Mulder.
PGM.: A. Weyers.
ADD.: Mej. L. J. van der Vyver.

**MANSHOKKIE**
KAPT.: G. Snyman.
O.-KAPT.: J. L. Ras.
SEKR.: G. Snyman.
PGM.: M. W. C. Rossouw.
ADD.: N. Oosthuizen.

**DAMESHOKKIE**
KAPT.: J. Venter.
O.-KAPT.: I. Kleynhans.
SEKR.: A. Howell.
PGM.: A. Schutte.
ADD.: M. van der Merwe, M. Bingle.

**RUGBY**
KAPT.: C. C. Dannhauser.
O.-KAPT.: P. W. Steynberg.
SEKR.: H. van Zyl.
PGM.: P. E. Bosman.
ADD.: J. de Wet Kruger.

**KORFBAL**
KAPT.: M. Kruger.
O.-KAPT.: M. Roets.
SEKR.: C. Steyn.
PGM.: M. Mulder.
ADD.: A. de Kock, B. Combrinck.

**TENNIS**
KAPT.: E. J. de Jager.
O.-KAPT.: Mej. E. du Toit.
SEKR.: Mej. A. de Kock.
PGM.: N. Taljaard.
ADD.: F. Albertyn, Mej. M. Bruyns.

**ATLETIEK**
KAPT.: J. J. de Jager.
O.-VOORS.: Mej. C. A. le Rour.
SEKR.: G. J. Scholtz.
PGM.: H. B. van der Walt.
ADD.: P. van der Bank, Mej. J. Venter.

**SWEM**
KAPT.: Mej. N. van t'Riet.
O.-KAPT.: D. Roode.
SEKR.: J. Mulder.
PGM.: A. Fourie.
ADD.: J. C. du Toit, L. Croezer.

**BOFBAL**
KAPT.: P. E. Bosman.
O.-KAPT.: P. Oescgher.
SEKR.: G. M. du Toit.
PGM.: M. van der Berg.
ADD.: C. C. Dannhauser.

**KRIEKET**
KAPT.: B. J. Potgieter.
O.-KAPT.: C. H. Weber.
SEKR.: A. G. P. van der Walt.
PGM.: J. M de Wet.
ADD.: J. L. Ras.

**TAFELTENNIS**
KAPT.: R. de Ville.
O.-KAPT.: Mej. G. Woudstra.
SEKR.: Mej. B. van Rooyen.
PGM.: G. Wissing.
ADD.: F. Oosthuizen, H. Roets.



Hannes Botha—sy rekordpoging van 54 voet 2 duim tydens Dalrymple op Potchefstroom, is nog vars in die geheue van atletiekliefhebbers.


**Op pad . . .**



na
**GEEN & VELLEMAN**
vir hulle
FOTOGRAFIESE en APTEKERSBENODIGDHEDE.
Volg hom na:
**Kerkstraat 178.**

**PUKKE.....**



Vir julle BLERKASTE en ander ELEKTRIESE BENODIGDHEDE
**W. J. SPAVINS en SEUN**
Kerkstraat 101 Tel. 185

**J. du Raan**
HORLOSIEMAKER EN JUWELIER
Gewaarborgde Herstelwerk aan Horlosies deur G. Barth wat sy opleiding in Duitsland geniet het.
KERKSTRAAT 161
SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE

**CENTRAL CASH STORES**
**SUPER MARKET**
Bespaar Geld!
ONS IS EERSTE MET DIE SELFBEDIENINGSKEMA
Bedien uself! Bespaar Tyd!
**SELFBEDIENING**
. . . en sien wat u koop. Hierdie is die moderne koers
Telefoon 164/1167 Wolmaransstraat 81
POTCHEFSTROOM



DIS FEESTYD
MET
**TURKSTRA**
SE GEBAK!

Drink die beste!
- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

PEP-I-DOO
S & S
Drink
- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134
**POTCH MINERAL WATERS**



**AITSA!**
As die DAMES so sê
Koop die Jongeheer sy klere
by—
**J. TOD SUTTIE**
Kerkstraat 177 — Tel. 1
POTCHEFSTROOM.

# SPORTBEELD van die JAAR

## PUKKE OP VOORGROND

Ten spyte van enkele nederlae het die Puk se eerstespan vanjaar deurgaans besonder goed gevaar. Hulle is dan ook tans die voorbokke in die liga en speel sekerlik die mees konstruktiewe voetbal in Wes-Transvaal. Sover dit die liga betref, kan slegs 'n ramp die Pukke van die beker ontneem. Met nog drie wedstryde om te speel, moet Frans de Bruyn se manne nog net vir P.O.K. klop om die beker huis toe te bring.



**Frans de Bruyn, Puk se voetbalkaptein, wat sy span tot 'n oorwinning in die Neserbekerliga aangevoer het.**

Behalwe enkele ligawedstryde het die Puk teen Sasolburg, Welkom Rovers en die Kovsies verloor. Die span spog egter met puik oorwinnings oor Vryburg—voorbokke in die Griekwa-liga—die universiteite van Natal en Wits.

### NAVY

Navy het gedurende die jaar ook goed gevaar, maar hulle sal waarskynlik nie die liga kan wen nie. Wedstryde is verloor teen Dorp, Strathvaal en Western Reefs. In die tweede ronde het Navy egter afgereken met Strathvaal en Western Reefs sodat hulle onder die eerste drie in die liga behoort te eindig.

### FIRES EN TEKKIES

Fires en Tekkies het weer eens die gebruiklike moeilikheid ondervind, naamlik gebrek aan spelers na die wintervakansie. Die spanne het hulle egter goed van hulle taak gekwyt en onder aanvoering van Hans van Zyl het veral Fires 'n reeks indrukwekkende oorwinnings op hul kerfstok.

### ONDER NEGENTIEN

Die onder negentien-span het vanjaar baie goed gevaar en deurgaans met puik voetbal voor die dag gekom. Dit is onwaarskynlik dat hul in die ligareeks gestuit sal word.

## Sukkelbestaan

Die swemklub van die P.U. wat die afgelope aantal jaar al 'n sukkelbestaan voer, het bewys dat tensy drastiese veranderinge intree, die klub in gevaar staan om dood te loop.

Dit skyn asof die entoesiasme vir die sportsoort net nie aan die Puk bestaan nie.

## Verrassing

Die bofbalspan het vanjaar vyf wedstryde uit sewe in die Wes-Transvaalse liga gewen en in een gelykop gespeel.

Tydens die S.A.U.-toernooi in Durban het die span vir die verrassing van die toernooi gesorg toe hulle gelykop gespeel het teen Kaapstad.

## Kraai Koning

Die Pukke het die afgelope seisoen skoonskip gemaak van die tafeltennisliga in Wes-Transvaal. Die belangstelling vir dié sportsoort was egter nie altyd na wense en veral die eerstejaars en dames het die klub ietwat in die steek gelaat.

Dit lyk tans of die Puk in twee afdelings van die liga gaan koning kraai daar hulle al die meeste van die sterk teenstanders die loef afgesteek het.

## Segetog

Die manshokkieklub wat 'n besonder suksesvolle jaar agter die rug het, het reeds die ligareeks maklik gewen. Hulle het reeds vyftien oorwinnings uit 'n moontlike sestien behaal en in een wedstryd gelykop gespeel.

Die mansklub het egter vanjaar geen nuwe bloed bygekry nie en die ervare spelers het deurgaans groot oorwinnings oor hul teenstanders behaal.

Noemenswaardige oorwinnings is die oor P.O.K. met 6—0 en 6—2.

## Uitblinker-span

Hoofsaaklik as gevolg van die geweldige belangstelling aan die kant van die eerstejaars het die dameshokkieklub vanjaar 'n besonder geslaagde seisoen beleef.

Sterk spanne soos Girls' High, Carletonville en Dorp is een na die ander die loef afgesteek.

Met staatmakers soos Albertha Howell, Jo Schoeman en Ina Kleynhans is die span tans een van die uitblinkers op die Puk.

## Moedige Poging

Faan Oosthuizen en sy bestuur het 'n moedige poging aangewend om die Werda-jukskeilaer op die Puk te laat herlewe en 'n volwaardige plek naas die ander sportsoorte te laat inneem.

Gedurende die jaar is twaalf wedstryde gespeel en deelname aan 'n groot saamtrek te Potchefstroom word beoog. Die laer bestaan uit vyf gereelde spanne en twee damespanne.

## Op die Mat

'n Besonder geslaagde jaar is vir die matmanne van die Puk agter die rug en hierdie sterk manne het hulle deurgaans goed van hul taak gekwyt.

Onder die spanne wat in Wes-Transvaal voor hulle moes swig, is Stilfontein, Orkney en P.O.K. Tydens die Suidwes-Transvaalse kampioenskappe het die Pukke twee eerste- en 'n tweedeplek behaal. Tydens die S.A.U.-kampioenskappe het hulle drie tweedeplekke en een derdeplek verower.

Verlede Saterdag het hulle 6—5 teen Wits verloor.

## Staatmaker

Belangstelling en ywer is hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat die tennisklub een van die staatmakerklubs aan die P.U. is. So groot is die belangstelling dat die huidige aantal bane onvoldoende is om die spelers genoeg oefenkans te gee.

Die manspan is een van die sterkste spanne in Wes-Transvaal en is vol hoop vir die ligawedstryde wat in September 'n aanvang neem.

Tydens die tennistoernooi van die Suid-Afrikaanse universiteite het die span beter as ooit tevore presteer. Hulle het U.O.V.S. geklop en tweedelaaste geëindig.

## Nog 'n Kampioenspan

Die korfbalklub van die P.U. het vanjaar besonder goed gevaar.

Die span het nie alleen vir U.O.V.S. tydens intervarsitie oortuigend verslaan nie, maar speel in die finaal om die Wes-Transvaalse kampioenskap.

Indien die span vir Klerksdorp kan klop, sal die Puk nog 'n kampioenspan ryker wees.

## Krieket

Ten spyte van die gebrek aan 'n goeie baan het die krieketspan van die Puk die afgelope seisoen goed gevaar.

Op die inter-universitêre toernooi het die span swak gevaar, maar al sy wedstryde in die begin van die jaar gewen.

# INTERVARSITIE TEEN WITS

## PUKKE WEN OORTUIGEND

Die Pukke het Saterdag op Milnerpark nog 'n oortuigende oorwinning op hul kerfstok geplaas toe hulle daarin geslaag het om Wits met 11 punte teenoor 6 te klop.

Die Pukke het onmiddellik na die aanvang van die wedstryd tot die aanval oorgegaan en was dit nie vir onoordeelkundige spel nie, kon die telling hoër gewees het.

Koos du Plooy het die Pukke laat voorloop toe hy na ongeveer 'n kwartier sy pad na die doellyn toe oopbeur en oorval vir 'n drie wat deur Lionel Phillips vervyf is. Teen die verloop van die spel in slaag Ken Boonzaaier met 'n strafskop van die middellyn af.

Die Witsies het hierna met nuwe vuur gespeel en Ken Viljoen het hulle vir die enigste keer in die wedstryd laat voorloop met 'n onvervyfde drie.

Die Puk het onmiddellik egter weer tot die aanval oorgegaan en toe Herman Venter vir 'n drie oorbeur, het dit die rustydtelling op 8—6 in die Puk se guns te staan gebring.

### VERSWAK

Die spel het in die tweede helfte verswak. Wits het alles in die stryd gewerp om punte aan te teken, maar die Pukke het met besliste voorspelerstormlope en vinnige bewegings hulle aanvalle afgeweer. Piet Bosman het die enigste punte in die helfte aangeteken met 'n drie.

### GRONDSLAG

Die Pukke het Saterdag bewys dat die grondslag van voetbal by hegte voorspelerspel geleë is. Ons voorspelers het dan ook vir Wits oorskadu, want laasgenoemde wou te los speel.

Wits het soms op egte Wallabie-manier met die bal probeer rondhardloop, maar kon nie veel uitrig nie. Die agterspelers van Wits het hulle goed van hul taak gekwyt en Jan van der Schyff sal veral vir Barlow nog lank onthou. Schalk Hoogenboezem het goed vertoon, selfs teen die sterk wind in.

Dit sou onregverdig wees om enige uitsonderinge onder die voorspelers te maak, want hulle het andermaal as hegte eenheid saamgespeel en Wits se lewe versuur.

### NAVY

Wits se tweedespan het Navy kafgedraf met 19—8. Navy was net nie opgewasse teen die ervaring en flink spel van Frik Rademan, wat nie alleen self 'n drie gedruk het nie, maar regstreeks verantwoordelik was vir sy span se ander drieë.

Binne die eerste vyftien minute het die blou truie voorgeloop met dertien punte en die rustydtelling was 16—5 in hulle guns. Vir Puk het Eddie van der Westhuizen 'n drie gedruk wat deur Rassie van der Westhuizen vervyf is.

Na rustyd het die Pukke moedig probeer om punte aan te teken maar tevergeefs. Mic Moolman het gesorg vir die mooiste breekslag van die wedstryd en paaie deur nie Witsies gehardloop om die bal agter die pale te druk.

### ONDER 19

Die swak dekwerk van die onder negentien-span was daarvoor verantwoordelik dat hulle 11—6 verloor het. Vir die Puk het Le Roux en Ernie van der Merwe elk 'n drie gedruk.

## NESERBEKER

Die huidige stand van die spanne om die Neserbeker in Wes-Transvaal is soos volg:

| | S. | W. | V. | G. | P. |
|---|---|---|---|---|---|
| Universiteit ...... ...... | 11 | 8 | 2 | 1 | 17 |
| Onderwyskollege ... | 11 | 6 | 4 | 1 | 13 |
| Potchefstroom ...... | 10 | 5 | 4 | 1 | 11 |
| Klerksdorp ...... ...... | 11 | 5 | 6 | 0 | 10 |
| Strathvaal ...... ...... | 11 | 5 | 6 | 0 | 10 |
| Lichtenburg ...... ...... | 10 | 4 | 5 | 1 | 9 |
| Goldfields-Wes ...... | 10 | 4 | 5 | 1 | 9 |
| Western Reefs ...... | 10 | 2 | 7 | 1 | 5 |

# BELOWENDE TALENT

Die atletiekklub het vriend en vyand vanjaar verras met hulle pragtige prestasies. Die geesdrif vir atletiek op die Puk het vanjaar besonder hoog geloop en veral onder die eerstejaars is belowende talent ontdek.



**Johannes van der Walt, een van die belowende jong atlete wat vanjaar besonder goed gevaar het.**

Tydens die eerste byeenkoms van die jaar het die Puk te Lichtenburg die tweedeplek ingepalm en tydens 'n vyfhoekige byeenkoms te Potchefstroom ook 'n tweedeplek. Twee en twintig Pukke het aan die Wes-Transvaalse kampioenskappe deelgeneem en tydens die Dalrymple het die Pukke beter as in vorige gevaar.

Atlete wat groot belofte vir die toekoms inhou, is Alta de Kock, Johan van der Walt, Christo Thuynsma, J. van Niekerk, Koot de Jager, „Fires" van Vuuren en Koos van Zyl.

Die meeste atlete oefen reeds vir nog 'n druk seisoen wat voorlê.

**W. LINDEQUE**

'N SKOENSPESIALIS VAN FAAM!

**Kerkstraat 64 Telefoon 1280**



**SPESIALE PRYSE VIR STUDENTE!**

Gedruk deur Enslins, Potgieterstraat 31, Potchefstroom